# Nasionale Kerkhof Vir Ons Helde

MNR. Gerard Moerdyk, ons grootste boumeester, het onlangs 'n kragtige pleidooi gelewer vir 'n nasionale begraafplaas, waar al ons groot helde herbegrawe kan word.

Die grafte van ons groot manne lê verspreid oor Suid-Afrika; ons dink byvoorbeeld aan dié van Paul Kruger, Piet Retief en sy mense, Andries Pretorius, M. W. Pretorius, Louis Trigardt, ens. Die moontlikheid bestaan dat ons naderhand nie meer sal weet waar hulle begrawe lê nie, of anders sal die plekkie vir ander doeleindes gelykgemaak word. As ons nou 'n nasionale begraafplaas het waar almal weggelê kan word, dan kan ons die plek goed versorg en bewaar.

„Dit is ons plig," het mnr. Moerdyk gesê, „dat ons ons groot manne en vroue se beendere moet bewaar. 'n Volk wat nie sy helde eer nie, is geen volk nie."